# Opsaal




2012

## ONS NEEM AFSKEID VAN 2011

In November het ons by die Bush Camp in Heroldsbaai feestelik afskeid geneem van 'n jaar wat verbygesnel het . Die tema was die Wilde Westeen dit was groot pret toe die verskillende karakters te voorskyn kom -daar was onder meer 'n regte Sheriff, 'n bankrower, vele Cowboys, SaloonGirls en tot 'n Saloon Madame! (Rose)

Na 'n paar "gevleuelde woorde" van die voorsitter is daar aangesit vir 'n heerlike ete. Almal het tot laat gekuier.




## VOORSITTER SE JAARVERSLAG- 2012

Time for another OPSAAL....another year gone...another year older and yet again, another successful year for Berg-en Dal.

The year started with another visit to Nature's Valley and the Pondok in January. Once again a well attended trip. Nobody will ever forget Sarel's "short-cut" !

Phillip het in Februarie 'n groep na die Gouritzrivier gevat vir 'n rugsak-stap en in Maartmaand het Jeff die leiding geneem vir 'n uitdagende Harkerville.

The long awaited Cedarberg trip eventually happened in April when Rose led a group of seven to this magnificent part of our country. This will remain a personal highlight of my hiking life.

Die Middelburg / Graaff Reinet uitstappie was gekanselleer deur 'n gebrek aan belangstelling. In Junie en Julie was die Bonniedale en Matjiesvlei-naweke en beide was 'n groot sukses.
In September, thanks to much organization a group of dedicated club members travelled to the West Coast to tackle Oorlogskloof, Gifberg and Maskamberg. A fantastic time was had by all.I would like to thank the organizers and leaders for all their time and efforts to make the trip successful.I would like to thank the organizers and leaders for all their time and efforts to make the trip successful.
I wish everyone a very merry Xmas and everything of the best for 2013.
**MIKE WRAY**

**SENIORS TEE BY WITFONTEIN – FEBRUARIE 2012**

In Februarie is 'n tee aangebied vir ons seniors by Witfontein.Dit is 'n jaarlikse instelling waarin ons hulle eer as die pioniers en stigters van Berg- en Dal meer as 25 jaar gelede .




Daar is geselig onder die bome gekuier terwyl Wilma ,Georgie en etlike ander flink besig was met die bediening van eet-en drinkgoed.

*'n Wyse het eendag gesê...."Ou vriende is soos goud.. nuwe vriende soos diamante. Wanneer jy 'n diamant kry moenie vergeet nie. diamante het meesal goud nodig om dit in te set.*



**NATURE'S VALLEY – 27 – 29 JANUARIE 2012**

Sommer in die eerste maand van die nuwe jaar het die naweek-weg stappe afgeskop toe Wilma gereël het dat ons Nature's Valley toe gaan. Ons arriveer so op 'n streep by Pandok waar die grootste groep tuis sou gaan. 'n Paar het egter verkies om by De Vasselot langs die Grootrivier te kamp.
Kort voor lank het ons in die branders van die lang uitgestrekte strandbaljaar. Sommiges wasmeer gemaklik op die stoep of agter die tafeltennisspane. Die manne was al besig om vure aan te steek en gou was die kombuis 'n miernes van bedrywighede.
Met ons glasies om die braaivleisvurewas almal opgewondeaan die beplan van die volgende oggend se stappery.Sarel sou een groep lei op die Soutrivierroete terwyl Annette die meer waaghalsiges op 'n uitgebreide Kalanderroete geneem het.
Ons is deur die heuphoogte water deur die Soutrivier en gehoop om redelik gou terug te wees maar Sarel "short cut" het besluit om 'n nuwe roete te skep- soveel so dat ons eers die middag om 4.30 terug by die huis gekom het!. Hy was egter baie tegemoetkomend tydens die stap; genoeg grasie vir eetpouses en by uitkykpunte, en uitreik wanneer hy die swakkes met sy kierie teen die erge steiltes opgetrek het.
Toe ek 2jaar gelede begin stap het,was ek baie geamuseerd oor die "bellery" in die bos. Nou het eers besef daar is ouens wat selfs "hooflynoproepe" in afsondering maak soos Barry wat toe met sy sitvlak in ' doringbos val! Hanli het die dorings so liefderik uitgetrekdat dit ons laat wonder het of daar dalk van die manne is wat iets soortgelyks sou wou oorkom vorentoe.Ons het later ongedeerd maar gedaan weer by die see gekom. Aan die einde van die dag kon ons daarop roem dat ons langer en verder as die gesoute stappers op pad was .Sondagoggend na 'n heerlike nagrus, hou Sarel vir ons kerk en daarna vat ons die pad onderdeur die yslike geelhoutbome op pad na Pigs Head waarvandaan ons die mees asemrowende uitsig op die see en die dorpie kon kry. Ons volg die roete strandlangs terug en geniet 'n verrfissende swem in die see.Baie dankie Wilma, vir die suksesvolle reëlings van die heerlikenaweek.
**LINDA HALGRYN**




SAREL "SHORT-CUT" IN AKSIE...

## GOURITZ RIVER - 24-26 FEBRUARY 2012

Gouritz, the biggest and fast flowing river in the Southern Cape was tamed by the following group of Berg-en-Dal hikers: Rose , Lesley, Jacolise, Geoff, Morné, Sarel, Philip and Kevin.

The starting point, 1.5 km from the Poort ( close to Herberts-dale ) is the exit point of the river from the mountains with completion 65 km further down where the river enters the Gouritz valley on it's way to the estuary situated at Gouritzmond.

The group assembled at the farm Voëlvlei, belonging to Jannie Zietsman where we left our vehicles safe and sheltered. We met Salu Poggenpoel, a friendly local riparian farmer over whose farm we had to walk in order to reach the riverbed. Most of the walking was restricted to the riverbed and it was from this point that we engaged into the battle with the Gouritz –bruises, blue/black toe nails, bloody scratches, painful muscles and whatever pain and suffering one could conjue at completion. The sweltering February heat during the day was controlled by frequently stumbling in one of the may available cool river pools.

The first 10km we had to deal with strewn river rocks of all sizes ( as in the Fish River style ) dense thorn trees and long dry grass infested with snakes on the banks. For the remainder of ther hike with refined white loose riversand.

The windings of the riverbed caused us to make multiple crossings of water streams resulting in us walking permanently with wet boots and socks.

Our bags were heavier than normal as we had to provide for everything we might need including a tent with all it's utensils to guarantee us to sleep free from mosquitoes and other unwanted intruders

The first night we spend at Sanddrift in the riverbed on mentioned riversand. Around a fire made from drift wood we started shedding the day's fatigue under a cloudless starry night.A farmer, Fritz Muller and his wife visited us in a 4x4 vehicle and shared a few moments with us. Halfway through the second day another riparian owner, Gert Du Plessis came to our rescue by inviting us to his farm homestead for sweet reservoir water to restore our drained moisture levels. Some of us got a free lifty including the bags on his quad bike to the farm house where we spent a midday break under shady indigenous trees. At this stage Sarel left us to return to George.

The second night we were visited by a leopard without being aware of it. The animal past in close proximaty of our tents with clear marks that it had dragged a prey. Our seasoned hunter, Geoff, had identified the tracks as that of a leopard.

The following day we had the luxury of Kosie Sauerman's Guest house, more specifically the deck with a splendid view of the riverbed and protecion againt the elements to have a midday rest of no less than 3 hours.




The last night, within eye-sight of the Gouritz bridge we had a problem pitching the tents in the loose sand and no rocks to stabilise it. Rose had the initiative to use the sand as replacement for the rocks which worked well.


Rose's bag was packed and was standing upright when a big red bull strolled up to it and started sniffing at it intensely while we laughed and took photos. It eventually walked away.

At this stage Geoff, Rose and Lesley left us to return to George while Jacolise, Morne and Philip completed the route on the Sunday after passing the most impressive part of the hike.. We returned to Jannie's place and after a boerekos meal we left to return home.

At this stage Geoff, Rose and Lesley left us to return to George while Jacolise, Morne and Philip completed the route on the Sunday after passing the most impressive part of the hike.. We returned to Jannie's place and after a boerekos meal we left to return home.

**PHILIP ZIETSMAN**



**HARKERVILLE 17-19 MAART**


Jeff het hierdie stap aangevoer en in die groep was Chinky, Jacolise, Leslie, Lynette, Phillip, Rose en Sarel. By aankoms het Gordon en Lynn by die groep aangesluit. Daar is geselllig om die binnekaggel gekuier. Almal was die volgende oggend totaal onbewus van die harde bui reën wat dié nag uitgesak het.

Voor die aanvang van die stap weet Jeff te vertel dat sy skoene vir hom sê : " Oh no ! not again- must we do this all over again?" Die eerste 11km in die woud was verfrissend met vele bekende voëlroepe. Regaf lere en los klippe het soms die bene laat wankel maar die beloning agterna was 'n pragtige klipperige strand. Hierna is die kettings met versigtigheid aangedurf en 'n ent verder middagete genuttig in die skadu van 'n rots met 'n uitsig van die hoogwater branders se ontmoeting met piramiedagtige rotse. Ons het 'n ruwe swemplekkie gekies vir lafenis.


Die opdraande paadjie na die St Clair-hut blyk toe net so erg te wees as wat dit van ver af gelyk het maar die paadjie deur die fynbos het dit gou vergete gelaat. Daar is om die beurt gewas en gestort met 'n 2L roomysbak in die sonnetjie agter die hut. Jeff was bekommerd oor 2 stappers wat agtergeraak en buite sig verdwyn het. Dit het hom en Sarel genoop om terug te stap. Teen skemer het hulle met die rugsakke en die stappers opgedaag. Hierna het almal ontspan om die ete om die vuur te geniet.

Die volgende oggend het Sarel, Leslie en die 2 stappers uitgestap en die res van die groep het dag 2 begin.. Jeff en sy skoene het vroegoggend na 'n lang afdraand in die rivier beland en druipnat amper sy kamera verloor- so asof die skoene geweet het wat wag.!..Na aanhoudende rots-kloutery is die rugsakke om 10h afgehaal om iets te eet en verfris te word in 'n heerlike rotspoel. Almal was sommer versterk vir die res van die uitdagende terrein by die grotte en klipstrande verby. Hierna moes 'n steil hoogte trotseer word tot waar Leslie by die Kranshoek piekniekplek wag . Natgesweet is almal die laaste km in Jeff se voertuig na Harkerville waar daar vinnig gestort en vir oulaas by Knysna Heads geeët terwyl ons nabetragting hou oor die asemrowende skoonheid van hierdie unieke kuslyn en wonderlike 2 dae saam.

**JACOLISE JOUBERT**







**SEDERBERGE - 21-29 APRIL**



**Slaggereed vir die stap !!**

Rose durf toe mos die Sederberge aan met 'n paar lam, siek en "dooies". Dit is nou die huppelkind Jacolise uitgesluit.Doug, synde toe die voornemende "dooie" meen Rose kan hom maar net daar los as hy doodgaan. Rose belowe dat sy hom darem met van die baie klippe in die Sederberge sal toepak !


Die 1ste dag se stap is van Algerië, verby Middelburg hut tot by Crystal Pools. Rina se Achilles sening en Salome se heupflektor het begin pla. Mike het glo ook steen en been gekla.Dit was nie asof hy eintlik siek was nie. Nietemin word daar flink gestap en teen 2uur die middag meen Rose hulle moet darem nou baie naby Crystal Pools wees. Crystal Pools wil toe nie kom nie. By groot Hartseer weet hulle nie meer waar hulle is nie. Soveel so dat die besondere mooi natuurskoon by hulle verbygaan soos hulle wonder waar Crystal pools nou is. Eintlik het hulle toe net die afstand onderskat. Intussen het Rina blase op haar voete en Salome s'n is ook maar klaar.

Uiteindelik kom hulle toe tog by Crystal Pools uit- rondom 5uur die middag wat die stap 'n hele 9 uur lank maak !Na 'n bietjie innerlike versterkings voel almal spoedig beter. Die aand slaap Mike en Rina in die "honeymoon suite" en die ander 4 in die hoofslaapkamer. Die volgende oggend, in die oggendskemering word daar koffie gedrink en ontbyt geeët terwyl die sonopkoms waardeer word- 'n kleur tapesserie teen die rotse om 'n skilderyte vorm soos mens selde sien.

Die dag bestaan uit 'n opklim teen Engelsmanskloof tot by die jeep "track" en verder om Sneeukop tot by Sleeppadhut. Engelsmanskloof is 'n fees vir die oog met Mike wat goed hier inpas. Hy lyk toe mos net soos 'n Engelse kaptein uit die Boere-Oorlog !


By die jeep "track" besluit die lam, siek en "dooies" om nie om Sneeukop te stap nie maar reguit aan tot by Sleeppadhut – net betyds vir teetyd. Die res van die dag verwyl hulle deur leeg te lê en wag vir die ander 3. Die uitsig hiervandaan was fantasties –dit kyk uit op die Grootlandsvlakte en die vorige dag se stap duidelik sigbaar. In die verte sien mens net berg op berg wat alle skakerings van lig, dowwer en dowwer weerkaats. In die verte lê Groot Hartseer en daar word gewonder hoe hulle dit die vorige dag half gemis het.

Later steek die wind op en hulle maak kos langs die hut in die laaste sonstrale en uit die ergste wind. Douglas het klippe aangedra dat die kosmaak darem op "stoele kan geskied.. Vroeër het die vroue by die klein waterstroompie gaan was en afgedroog in die son. Die groep gaan af oor die rotswand voor die hut en skuil teen die wind. Terug in die hut slaap Mike en Rina weer in die Wittebroodskamer waar die vensters van uit is. Die koue wind suis daardeur.Mike maak dit met 'n plastieksak toe maar dié het gedurende die nag uitgewaai en hulle moes toe maar mekaar warm hou. Die wind loei die ganse nag en die volgende oggend is bitter koud. Almal het ekstra klere aan en die groep vertrek vroeg. Hulle begin flink te stap en teen middagete bereik hulle Middelberghut. Daar word voor die hut uit die wind gesit en provitas en tee geëet wat voortreflik gesmaak het.



**Die Sederberge is bekend vir die besonderse rotsformasies.**





**Mike laat rus sy moeë voete op hierdie perfekte troon.**

**BONNIEDALE 15-17 JUNIE 2012**

Presies 100 km vanaf George, nie ver van Attaquaskloof en Robinson-pas lê die pragtige vakansieplaas van Nico en Danette Hesterman, Bonniedale in die Outeniquaberge. Om daar te kom moet mens Robinsonpas op en net voor Eight Bells word daar links gedraai en ongeveer 26 km verder lê hierdie klein koningkryk.

Vyf van die groep dames arriveer eerste en kry 'n heerlike stap in voor die ander so stuksgewys deur die dag opdaag. Die plaas bied verskillende akkommodasie- 'n ruim Chalet met 4 slaapkamers en heerlike braai-lapa. Dan is daar tente wat uitgehuur word of lekker kamp- en karavaan staanplekke - dit alles op die oewer van 'n kabbelende bergstroom.

Die weer is perfek en Saterdagoggend stap 'n groot groep eers deur 'n plaat pragtige fynbos met massas wit Proteas, Wabome in blom en nog veel meer. Hoër in die berg op geniet ons die wonderlike uitsigte oor berge, pieke en die plaas self. Die roete strek oor ongeveer 12km en almal geniet die stap. Die middag klouter sommige die hang bo ons kampplek uit en geniet die tuin van pienk Erikas oral.


Groot sakke hout is beskikbaar en Vrydag- en Saterdagaand word daar heerlik gebraai en gekuier om die groot gesellige vuur. Ons voel dankbaar en bevoorreg om deel te wees van so 'n vreugdevolle vriendekring.

Sondagoggend is dit effe reënerig maar niks wat stappers stuit nie ! 'n Kleiner groep durf 'n lekker stywe sirkelroete begrop aan en terug deur 'n lang kloof. Skaars was hulle terug of 'n lekker bui reën sak uit. Dit het tyd geword om huiswaarts te keer maar met 'n lied in die hart. Ons woon voorwaar in 'n paradys !

**JEANNETTE KINGWELL**

## SOP EN SJERRIE-AAND- 30 JUNIE 2012

'n Klompie lede het die ysige koue getrotseer en byeengekom in die Gereformeerde Kerk se saal vir heerlike sop en Sjerrie. Vir die pret moes elke tafel 'n liedjie opvoer wat deur die ander beoordeel word. Linda se tafel met Dina, Frank, Colin en Lynette was die talentvolle wenners. Mike het daarna , tot groot vermaak van almal, begin om die brood en sop op te veil wat oorgebly het. Dit was waarlik 'n aand van gemoedelike samesynen groot pret.



## MATJIESVLEI – 20-25 JULIE

Vrydagmiddag vertrek 12 stappers na die sneeubedekte pieke van die Swartberge. Anderkant Calitzdorp draai ons regs en volg die pragtige pad met asemrowende uitsigte na ons 2 huise op Matjiesvlei waar die ander reeds vir ons wag. Thea, Edwin, Lenie en Wilma gaan tuis in die 200jaar oue Douglashuis terwyl Wilna, Chinky en vriendin, Ursula, Mike en Rina tuisgaan in die mooi plaashuis, Thiart. Ons huis het 'n lekker binnebraai waar eens seker 'n koolstoof moes gestaan het Die ander huis het weer 'n klein buitetoilet met 'n uitsig.! Na ons ingeburger is, bring almal hulle braaigoed na ons huis. Edwin maak 'n lekker vuur en ons eet en kuier en  gesellig saam te midde van die winterwind en rook. Linda, Hanli en Sharon bly oor in Theresa se huis in Calitzdorp – 'n luukse huis.Omtrent elkeen het sy eie kamer met beddegoed en al, 'n warm stort en boonop 'n prag uitsig op die berge.

Sharon-hulle sluit vroeg Saterdagoggend by ons aan en ons begin stap langs die Gamkasrivier op in die kloof vir 'n sirkelroete. By die rivier was 'n pont wat met 'n draad oor getrek moes word. Aan die oorkant was reeds 4 stappers en Thea kom toer ewe vroumoedig om ons te kom haal want sy bang water. Sowat 8 van ons het aan die oorkant gesoek vir die kampeerterrein wat vir 4x4 voertuie en sleepwaens bedoel is. Onherbergsaam en net vir avontuurlustiges!. Die vallei en sneeupieke was egter pragtig.



Terug by die huis het die wind ons weer uit ons nate gewaai. Ons maak voortydig 'n plan om nie weer so erg rook in die huis te kry nie. Sondagmôre wou die Edwin en Thea vroeg ry en ons klim die koppie naby die rivier waar ons die lieflike uitsigte bewonder. Later word dit tyd vir oppak en huiswaarts keer.Baie dankie aan Edwin en Thea vir 'n genotvolle naweek.Ons sal beslis weer daarheen gaan.

**WILMA**

## 'N BRIEF AAN WESSEL VAN OORLOGSKLOOF

Liewe Wessel,

Ek is 'n ou tannie met kort bene. Die res van ons groep was nog ouer as ek en heelparty ook met kort bene. Daardie lere wat jy op die Kransduifroete van Oorlogskloof geplaas het...hoe kon jy die sporte  so  v e e  e  r  uitmekaar sit ? Selfs die langbeners het swaargekry. Daar was net een leer waar die sporte naby genoeg was, waarskynlik deur 'n vrou ontwerp en dit was die enigste leer waar 'n ou tannie soos ek elegant kon lyk.

Maar laat ons nie nou die geslagsoorlog baklei nie; in Oorlogspoort het daar genoeg bloed gevloei-lank gelede van die Namas en onlangs toe ons groepie van Berg-en-Dal Voetslaanklub die roete gestap het. Ons moet jou komplimenteer dat die roete uitstekend gemerk is, behalwe op die laaste dag, waar die bordjie reguit aan wys na Groot Tuin en die afdraai is gemerk Luiperdvanghokroete. Dit dui glad nie aan dat laasgenoemde eintlik ook gaan na Groot Tuin deel is van die Kransduifroete nie. Dit het gemaak dat vier van ons stappers die Skoorsteen en Spelonkberg gemis het.

Dit was vir ons vier wat gestap het een van die hoogtepunte van die stap. Dit was so verrassendom daar op die afgrond te staan en nie te weet waarheen nou nie en dan te besef dat jy reguit af in die berg moet ingaan. En dan al daardie rotsgange binne in die berg. Dit was ongelooflik. Op die heleroete was daar nie een vervelige oomblik nie. Gelukkig hetons nou nie meer 'n fisio, biokinetikuis of *personal trainer* nodig nie, want jy het ons 'n *full body workout* gegee.

Die beste vir my was die tweede dag.Veral die kaal sit in die son, die water, die avontuur, die samesyn en die gasstofie se gesing vir die verfrissende koppie tee. Thea het skoon gekraai van plesier daar in die Jacuzzi by Laaste Water. Daardie Jacuzzi kan vergelyk word met die *grandste* spa s'n. Van Thea gepraat, sy het daar by die kruip gedeelte op dag vier botweg geweier om te kruip en sommer bo-oor gehuppel. Ons ou tannies laat ons nie afsit van 'n paar rotse nie. It was also on day two that Doug lost his inhibitions and went into the water with no regrets and only his underpants.

Sarel kan nie oor die tweede dag praat nie want hy is die bulte skuit-skuit uit !! Gelukkig het Doug en Jeff teruggegaan om die laaste km of wat Sarel se sak te dra. Pieter was toe al reeds opgedra aan Sarel se sak.

Die tweede nag by Driefontein het Annette niks geslaap nie in afwagting en angstigheid oor die lere na benede oor die afgronde terug in Oorlogskloof in. Dit was al klaar baie

sweet en angs toe ons die kranse moet uit gaan. Dit was ook meer as opwindend om agter die waterval deur te beweeg maar om dit weer aft e gaan het Annette 'n knop op die maag gegee. Alhoewel die uitsig asemrowend is, was die *scramble* onelegant om die minste te sê.


Ons het gelukkig almal heelhuids oor die rivier gekom, maar daarna was die opdraande regtig *tough* . By die skoorsteen was Rose so opgewonde dat sy vir nr 3 en nr 4 nie kans wou gee om eers te rus na die opdraand nie; sy kon nie wag om deur die skoorsteen te gaan nie! Nr 3 en nr 4 is ek ekself en Jeff. Ons is deel van die *Elegant four* ook bekend as die *Fantastic Four* wat die hele stap in dieselfde *pecking order* gestap het, met Doug nr 1 en Rose nr 2. In die skoorsteen het nr 3 nog haar hoed ook verloor en nr4 moes weer teen die kettings af klim om dit te gaan haal. Wat 'n held !!

Wessel, hoe kry jy dit reg om vir Jacolise knielend op haar knieë te hou? Seker omdat daar so 'n paradys van blomme was en sy elkeen as wonderwerkie wou bewonder en afneem. Nog 'n wonderwerk is die uitsig by Arrie se punt. Alhoewel Lynette gedink het dat sit 'n rustige plat *stroll* gaan wees soos na die waterval by Niewoudtsville, moes sy seker geweet het dat jy, Wessel, niks maklik maak op die roete nie en moes sy maar weer deur boë en oor rotse om die asemrowende uitsig oor die knersvlakte in te neem. Dit was 'n hoogtepunt toe die twee witkruisarende onder die uitkykpunt uit hul nes duik en Amanda en Annette sweef saam in hulle geestesoog.

Wessel, ek moet rapporteer dat sommiges van ons soms van die paadjie afgegaan het; Edwin sal die *eveidence* vir jou stuur. Gelukkig het Pieter dit nie gedoen nie en jy kan hom kontak want hy het die roete nou volmaak op GPS.

Die kampplekke het elkeen 'n besondere karakter. Van ons het die Zebras by Brakwater baie geniet. Ek, Rose en jeff het daar in die water baljaar en sommer in die blommeparadys ook.Ongelukkig vergelyk Doltuin nie met die hoë standaarde van die ander nie en ons het dit net een ster gegee.'n Bietjie meer sitplekke om die kampvuur sal baie help om daar 'n beter *rating* te kry. Selfs die aanloop tot Doltuin het Edwin nie aangestaan nie en hy voel nou oor die muur. Dit het hom egter nie afgesit om die bobaas vuurstoker in die groep te wees nie.





Ek het nou afgedwaal van die rede hoekom ek die brief vir jou skryf want die ander klomp wat saam met my gestap het, het begin liries raak oor die hoogtepunt en toe kon ek nie anders as om vir jou daarvan te vertel nie.



Persoonlik sal ek darem bly wees as julle ook 'n *slack packing* opsie vir die roete gehad het – moenie vir die ander Berg-en Dallers sê wat ek voorstel nie want ek het so pas weer 'n lid geword en wil nie dadelik geskors word nie. Moenie *worry* as julle nie so 'n opsie wil doen nie want ons sal weer kom .Dit is net iets wat jy met moeite regkry wat 'n

blywende indruk op jou karakter maak en die klomp wat saam met my gestap het, is 'n klomp karakters

Vriendelike groete

Van Berg-en Dal se tannie nr 3 en die ander elf karakters.

PS ...Sit asb 'n paar ekstra sporte in die leer.

---

**MASKAMBERG 21-23 SEPT**


Na Oorlogskloof het ons 'n dag gehad om ons vere reg te skud vir Dave Schlebush se plaas, 7 Fontein, op die berg. Van ons was bevoorreg om in Brain (Edwin se broer ) se 4x4 in te skuif vir die rowwe pad wat voorlê. Die tog na ons bestemming het met legio stappe gepaard gegaan want die kamera's het oortyd gewerk. Daar moes ons aan die suiwerste water in ons land geproe het en al die waterhouers gevul.

'n Gerieflike huisie, Peperboom, met uitsig op 'n waterval het ons ingewag. Die volgende dag het ons die 11km begin stap na die Troe-Troe rivier, so 1km voor die waterval.Alhoewel dit baie koud was, was die weer steeds gunstig. Die voertuie het gevolg en is soms oor asem-snak terrein.V an ons het die padbou geniet met vingervelle wat waai. Ongelooflike "pothole" het ons ingewag in die rivierloop en Dave het ons vertel van die witbrug (rots) en sandstrandjie waar ons wou voete insit. Ons moes aan die binnekant van die "pothole"om beweeg en teen 'n wand uitklim na bo. Oeps ! Brain se magie was in die pad en hy moes omdraai en terugstap op sy spore. Oppad na die voertuie het dit begin reën en die opdraande nat rotse het vir Edwin en Brain voorgelê.Met Thea wat altyd paraat is, was daar 'n staal kabel sodat Brain Edwin kon trek deur 'n nou rotsgleuf. Vol punte aan ons bestuurders wat gemaak het dfat ons veilig verder ry.Die res van die dag was reënerig en ons het onder 'n sambreel gebraai.Die volgende oggend het Dave ons saam met die stappers van die Paarl op 'n sirkelroete van 8 ure oor sy plaas geneem. Plantname, 'n roobostee verbouingsles, massiewe bergskeure, enorme grotte en verfynde Boesmantekeninge was deel van dié verrykende dag. Die Maskam was spoggerig met sy prag na die reëns.

**JACOLISE JOUBERT**







**WOW !! WAT 'N UITSIG WAS DIT NIE !!**

**GROOTVADERSBOS 24-27 OKTOBER 2012**

Meer as 300mm reën het in die Boosmansbos wildernisgebied geval en hierdie stap, wat aanvanklik beplan was vir die vorige week, het toe gemaak dat minder lede deelgeneem het.

So vertrek toe net Phillip,Douglas, Jurie, Jeanette en die uwe vroeg vanaf George al met die berge langs tot by Scolopia chalet. Na middagete is die litte losgemaak met 'n kort dagstappie. Die volgende oggend het ons in pragtige sonnige weer begin stap-hoe verder ons vorder, het die natuur al hoe meer kleur en vorm aan ons prentjie verleen. Jeannette was oudergewoonte weer in ekstase oor al die blomme. Ek het maar agter by haar gebly


en dus het daar weer 'n pik-orde ontwikkel-soveel so dat ek gou my plek in die groep ontdek het.

Oral was daar water en die berge het blink gestaan in hul vars, nuwe groen baadjie omsoom met pienk of geel. Die dag het egter laaaank begin word en die trietsige ou skuilinkie in die vorm van 'n huisie was 'n wonderlike gesig. Ons moes egter eers huis droogmaak maar elkeen het 'n plekkie kon kry om sy matrassie neer te sit.

Die tweede dag het mooi bokant ons oopgevou en 4 van ons het besluit om nog 'n verdure 270m te klim. Jeannette wou net rustig rondstap naby die huisie. Die weer het egter gedraai en ons is bergaf en net betyds terug. Teen 11vm het die reën begin neerstuif en ons het begin gemaklik raak op ons harde matrassies, tee gedrink, gekuier , geeët, geslaap, koffie gedrink, gekuier, geeët en weer geslaap. Almal was dit eens – wat 'n lekkerrr dag! Niemand tuis het die geleentheid om so leeg te lê vir 'n volle dag nie.

Dag drie was, soos die weermanne beloof het, weer sonnig. Na 'n bosberaad hoog op in die berfg, is daar besluit om dieselfde pad terug te stap. Die Duiwenhoksrivier moes gekruis word en met al die reën en stroompies wat hom voed was ons nie seker of dit moontlik sou wees om veilig te kruis nie. Die terugstap was weer net so aangenaam as twee dae gelede se optog maar hierdie keer makliker. Onthou, baie kos is bo in daardie huisie verorber ,baie tee en koffie is ook gedrink.

Wat 'n wonderlike stap in die wonderskone natuur met net sulke wonderlike stapmaats. Ek salueer elk van julle en dank God datek deel mag wees van hierdie stapklub.



**ROSE**

---

GeseëndeKersfees en voorspoedigeNuweJaar

aanu en u geliefdes.

Merry Christmas and a prosperous New Year

toyou and your loved ones

